

**4 November**

**Ware verootmoediging bring vergifnis en genesing**

**Skrifgedeelte: 2 Kronieke 7  
Fokusgedeelte: 2 Kronieke 7:14 (OAV)**

Ons leef in 'n stukkende wêreld. Droogtes is nie vir ons onbekend nie. Deur misdaad word ons land kaal gestroop en van siektes en peste is ons nie verskoon nie.

Dit is in sulke omstandighede dat die HERE van sy volk verootmoediging eis. Verootmoediging beteken om in nederigheid laag voor die Here God te buig. Dit vereis erkenning dat die HERE die enigste God is. Hy is die God wat heers oor die natuur (vs 13). Hy is die God van wet en orde (vs 19) in Wie se hand die lotgevalle van volke en nasies is (vs 20).

Verootmoediging vereis ook erkenning van jou eie sondeskuld. Daarom kan Salomo en die volk alleen by hierdie offerplek, die tempel, voor God neerbuig. Hierdie offerhuis met al sy offers was die duidelike heenwysing na die volkome offer wat Jesus Christus vir ons aan die kruis betaal het. Sonder dié Offer kan geen mens God se aangesig opsoek nie.

'n Verootmoedigende mens is 'n biddende mens wat weet hoe klein, swak en afhanklik hy van die Here is. Hy is altyd bewus van God se teenwoordigheid, daarom is God se eer, sy Naam en sy wil die allesbepalende in die lewe. Hy is daarom een wat hom voortdurend bekeer van sy verkeerde weë. Sy lewe onder die bestuur van die Heilige Gees word 'n totaal ander lewe, naamlik 'n Godgerigte en 'n Geesvervulde lewe.

God is barmhartig, Hy wil en sal die sonde vergewe. Maar Hy is steeds regverdig, daarom kan Hy dit doen op grond van die feit dat Jesus Christus in ons plek vir al ons sondes die volkome offer gebring het.

In Hom ontmoet God en volk mekaar. In Hom alleen is daar genesing vir ons vaderland. In Hom is daar volkome genesing vir elke stukkende sondaarhart. Daarom vereis Hy volhardende gebed en voortdurende bekering. Onthou dat selfs die ware verootmoediging van net tien gelowige mense die groot heidense stad Sodom kon gered het (Gen 18:32).

*Sing: Psalm 73: 11, 12 (1936 beryming)*

*Ds. SA Cilliers (Waterberg)*